NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 17 SEPTEMBER 2023**

# SESTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

## *Die werk van Feba Radio*

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Jona 3:10–4:11; Eksodus 16:2-15; Matteus 20:1-16**
**Psalm 105:1-6, 37-45; Filippense 1:21-30;**

**SONDAG, 17 SEPTEMBER**

09:00 Oggenddiens – Ds Geo de Kock, Feba Radio
Deuroffer ten bate van: Magdalenahuis
Erediensspan 3 – Neels Kruger
09:00 Kleuter- en Kinderkerk

- **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens

17:00 Senior kategese afsluiting

**MAANDAG, 18 SEPTEMBER**

18:00 Kooroefening
19:00 Sportmanne Bybelstudie
19:00 Vroue Bybelstudie

**DINSDAG, 19 SEPTEMBER**

09:30 Senior Burger Bybelstudie

**WOENSDAG, 20 SEPTEMBER**

09:30 Vroue Bybelstudie

**DONDERDAG, 21 SEPTEMBER**

09:30 Dienssentrum vir Seniors

Sopbeurte: Marietjie Mostert, Lizelle Wessels, Riana van Niekerk, Ronelda Visser, Mariana van Schalkwyk, Joanie Hall

| VRYDAG, 22 SEPTEMBER | |
|---|---|
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 23 SEPTEMBER** | |
| | |
| **SONDAG, 24 SEPTEMBER** | |
| | SEWENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br>POSDAG<br>ERFENISDAG<br>DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: RCA (Indiërsending)<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw |
| GEEN | Kleuter- en Kinderkerk |
| GEEN | Senior kategese |
| GEEN | Gemeentetee |

# GEMEENTENUUS

1. Sanet Koen (Swaansingel) ondergaan die komende week ‘n operasie.
2. Beat du Toit (Othello) het die afgelope week ‘n operasie ondergaan. Sy sterk aan by haar dogter.
3. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
   Cobus, Benice en Janco Burger vanaf Sonstraal, Durbanville
   Mari Crafford vanaf Parow-Panorama
4. Martie Swart (Othello) se suster is oorlede.
5. Elsa Triegaardt (Annandalestraat) is tans in die hospitaal.
6. Vissie Vermaak (Alta du Toit gronde) ondergaan komende week ‘n operasie.
7. Drienie Coetzee (Othello) ondergaan Maandag ‘n knie operasie.
8. Tannie Anita du Preez (Huis de Kuilen) ondergaan hierdie week toetse.



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Chris Barnardo is met verlof. Kontak ds Hannes indien jy ‘n leraar benodig.
2. René Ferreira neem vanoggend waar as orrelis.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

17/09 Cobus Kruger, Heloïse Neethling, Johanna van den Heever, Suzette Engelbrecht
18/09 Sonja Barnard, Sonja du Plessis, Mattie Joubert(83), Natasja Kotze
19/09 Johan Norman, Tarah Oosthuizen, Stoffel le Roux(82), Shirley van der Westhuizen(84), Dawie de Villiers, Brigette du Toit
20/09 Elfred Moore(86), Ingrid Lesch(85), Erica van der Westhuizen
21/09 Marietjie Mostert, Francois van Eeden, Bettie van Zyl, Renier Wessels
22/09 Annelie Marais, Naudé Wessels, Rassie Visser, Ané Botes, Annie Erasmus
23/09 Bernhard de Clerk(83), Gertruid van Jaarsveld(85), André Schreuder, Divan Strydom, Bianca du Toit



# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Magdalenahuis

Magdalenahuis Beradingsentrum het op 10 Oktober 1902 tot stand gekom en was ’n inisiatief van die NG Kerk. Magdalenahuis fokus op drie diensterreine: swangerskapsberading, aanneming en herkoms-fasilitering. In September 2014 neem Magdalenahuis dan ook die geloofstap om weens die oorwel-digende nood en behoefte aan hulp, die inwoningskomponent om te skakel na ’n onder-steunings/ontwikkelingsprogram in hoë risiko gemeenskappe. Die Isiqalo Program (New Beginnings) fokus steeds daarop om hierdie weerlose swanger vroue en hul ongebore babas in nood by te staan en te ondersteun. Met dieselfde visie “Uit liefde help ons heelmaak” onderskryf ons die filosofie van die Eerste 1000 Dae, met die uitkoms dat gesonde kinders lei tot ’n gesonde samelewing. Dankie aan gemeentes wat deur die jare met hul deuroffers Magdalenahuis in staat stel om volhoubaar ’n verskil te maak in die lewens van weerlose swanger vroue, kinderlose egpare, asook babas en kinders.

Mev S du Plessis | 021 948 3637 | info@magdalena.org.za

Webwerf: https://magdalena.org.za

# WYNVEILING

De Eike se Wynveiling vind plaas op 18 Oktober 2023 te Kaapzicht Landgoed.
Ons benodig Tafelhoofde vir die veiling.
Ons moet ten minste 20 tafels vol gaste hê om ‘n sukses van die aand te maak. Die koste per tafel van 8 mense is R2000.
Kontak Mattheus Kuhn 0842260447 of die kerkkantoor indien jy beskikbaar is om as gasheer/-vrou op te tree.

Dirk Brits
Sameroeper

# SENIOR BURGER TEE

Die datum van die Senior Burger Tee word op die jaarprogram aangedui as Dinsdag 19 September. Dit gaan egter vanjaar skuif na Saterdag 21 Oktober 2023.

Hou hierdie spasie dop vir meer inligting binnekort.



# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.



Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45 10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Dankie vir die verrassings wat elke week by Die Kosmandjie opdaag!

**Spenslys**



| | |
|---|---|
| Melk / melkpoeier | Kookolie |
| Koffie | Bruismeel |
| Suiker | Soja maalvleis |
| Spaghetti | Tuna/sardientjies |

Jy maak 'n groot verskil vir iemand wat dit werklik nodig het.

Groetnis

# UIT DIE BEEK 2024 BESTELLINGS

Die gewilde UIT DIE BEEK kan nou vir 2024 bestel word. Die normale prys gaan R245 wees, maar as jy voor Vrydag 22 September 2023 jou bestelling by die kerkkantoor plaas, betaal jy slegs R200.
Kontak die kerkkantoor so spoedig moontlik.

# WELGEMOED IN SIMFONIE

Die Kaapstad Filharmoniese orkes bied aan WELGEMOED IN SIMFONIE, 'n sonsondergangskonsert by Bellville Gholfklub op Sondag 1 Oktober 2023.
Hekke open om 15:30 en die konsert begin om 17:00.

Piekniekmandjies kan bestel word.

Die fondse ingesamel sal wees ten bate van Magdalenahuis, Huis Jabes en Alta du Toit Nasorg.

Bespreking kan gedoen word by Quicket. Kaartjies kos R150 vir volwassenes, R75 vir kinders en pensioenarisse. Familie pakkette is beskikbaar.

Vir meer inligting kontak info@welgemoedcid.co.za.

# MATRIEKFEES

'n Week van son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net *chill* naby die natuur en naby God.

Noordhoek Beach Matriekfees
6 tot 13 Desember 2023
R2000 p/p (R1800 vir inskrywing voor 1 Oktober 2023)

Kontak vir Faani
083 856 1951
Re#imagne Matriekfees Noordhoek

# PREEKSKETS

## TEMA – DEURE WAT NIEMAND KAN TOESLUIT NIE.



Prediker: Ds Geo de Kock

Skriflesing: Openbaring 3:7-13

Filadelfia is een van twee (uit sewe) gemeentes in Klein-Asië (Turkye vandag) wat 'n positiewe en goedkeurende Openbaring-brief ontvang het.

Die kernboodskap aan hulle was dat hulle ráákgesien word - dat hulle in Jesus bly glo het, te midde van uiterste teenkanting van die kant van ongelowige mede-stadsgenote. Baie spesiaal word dan vir hulle gesê dat God 'n deur voor hulle oopgesluit het wat niemand weer kan toesluit nie. Met hul volhardende geloof is die deur na die hemel vir hulle oopgesluit en hulle kan seker wees dat die Here hulle nie alleen sal laat nie en altyd aan hulle kant sal wees. So het hulle dan as Sy ligdraers ook 'n oop deur na die Ooste, om die Blye Boodskap aangaande Jesus Christus wêreldwyd te gaan verkondig.

Ook vandag kan ek en jy as gelowiges in Christus met volle geloofsekerheid wéét, ten spyte van moontlike swaarkry, dat ons beslis lede is van God se ewige Koninkryk. En in gemeenteverband het ons 'n oop getuienisdeur om almal wat nog nie glo nie, met die Evangelie te bereik, selfs dié wat agter allerlei grense weggesteek is/word, in baie gevalle juis sodat hulle nié kan hoor nie!

FEBA Radio maak dit soveel makliker vir sulke oopdeur-gemeentes om die onbereiktes te bereik. Radiogolwe, veral kortgolf, maar ook 'n verskeidenheid ander moderne mediamiddele, kan nie deur grense gekeer word nie. Namens ons vennoot-gemeentes (soos Kuilsrivier De Eike) saai ons Christelike boodskappe in meer as 160 verskillende tale na meer as 50 lande uit. Ons maak van moedertaalsprekers wat reeds Christene is, in ons ateljees gebruik, om 'n verskeidenheid programme in hul eie mense se tale te maak. Dié ateljees is oor 'n groot deel van die wêreld versprei in Afrika, die Midde-Ooste, Sentraal- en Suid-Asië en die Verre-Ooste (vanaf die Filippyne in die suide tot in Rusland in die noorde. Ons is jubelend oor meer as 10 miljoen mense wat elke jaar vir ons laat weet dat hulle gehóór het – verreweg die meeste van hulle is gelei tot geloof!

Baie dankie aan De Eike, vir rugsteun met voorbidding en finansiële bydraes.
Julle help om te voorsien – FEBA Radio saai namens julle uit en bring die oes in!
Ons eer die Here vir sy groot werk!